kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Inspirasie, vanwaar?

Skriflesing: Esegiel 37:1-14

"Sometimes our light goes out, but is blown again into instant flame by an encounter with another human being."
— Albert Schweitzer

Broodjies vir die pad

"I am enough of an artist to draw freely upon my imagination. Imagination is more important than knowledge. Knowledge is limited. Imagination encircles the world."
— Albert Einstein

"Don't be satisfied with stories, how things have gone with others. Unfold your own myth."
— Rumi, The Essential Rumi

"If you treat an individual as he is, he will remain how he is. But if you treat him as if he were what he ought to be and could be, he will become what he ought to be and could be."
— Johann Wolfgang von Goethe

Die oumas van my Pinkster

Barend Vos

Pinkstertyd laat my altyd dink aan die twee oumas wat ek geken het: Klein Oumatjie en – by gebrek aan 'n beter beskrywing – Ronde Ouma.

Laasgenoemde was die laggerige een, vol pret en baie lief vir haar kleinkinders.

Klein Oumatjie was eweneens lief vir ons, maar sy was veel ernstiger. Somber, selfs, noudat ek jare later daaroor dink.

Al twee was diep gelowig, elkeen op haar eie, unieke manier.

Klein Oumatjie was werklik godvresend, met die klem dalk effens swaar op die vrees.

Sy was bang vir die gevolge van sonde – haar eie en haar kleinkinders s'n. En sommer die hele wêreld s'n.

Hoe dikwels het ek nie gehoor as sy van "die bose ou wêreld" praat nie. Hoe sy my vermaan om tog nie 'n "wêreldling" te word nie.

Terwyl Ronde Ouma altyd eers wou weet of ek lekker geslaap en genoeg geëet het, sou Klein Oumatjie eerder geselsies maak oor my onsterflike siel.

Dit was groot woorde vir 'n elfjarige en ek het nie eintlik geweet hoe om daarop te reageer nie.

Dan het ek maar my kop geknik en gesê wat ek dink Klein Oumatjie gelukkig sou maak.

Buitendien het haar vrees vir die Here onvermydelik ook op my afgevryf.

Ja, soos sy, was ek bang vir die toorn van God en vir die ewige vuur. Maar die heel bangste was ek vir die wederkoms van ons Heiland. Daardie verskriklike dag wat, soos Klein Oumatjie gesê het, "nou enige tyd" kan aanbreek.

"Al die tekens is daar," het sy gereeld gesug. "Jy moet elke dag gereed wees, my kindjie!"

Tydens Pinkster, biduurtyd, was ek dalk die heel bangste. Want daar was jou werklikwaar ooms wat in die kerksaal vir 'n "spoedige wederkoms" gebid het!

Dan het ek Klein Oumatjie, op 'n ver dorp in 'n ander provinsie, se ernstige waarskuwings ter harte geneem en haastig-haastig my allerbeste probeer om gereed te wees. Om my onsterflike siel skoon te hou van die bose wêreld.

Nou, in 'n Pinkstertyd baie jare later, dink ek weer aan die twee geliefde oumas van my brose kindertyd.

Maar sonder dat ek dit kan verhelp, is dit Ronde Ouma wat my gedagtes oorheers. Oor die prentjie wat ek in my kop het van haar wat op 'n Sondagmiddag, as kinders stil moet wees, die kamer binnekom waar ek sit en lees of teken.

Hoe sy op haar onnabootsbare manier sou sê: "Nee, o liebe heiding! Hoe ruik hierdie kamer dan so na rammetjie?"

Hoe sy na die naaste venster toe gaan, eers 'n bietjie met die knip sukkel en dit dan wýd oopgooi.

"So ja!" sou sy sê en haar ken lig vir die fris luggie wat van buite af kom. En dan het sy geglimlag.

Soms het sy iets uitgeroep en my nader gewink en ek het op 'n stoel gaan staan en sy het my gewys. Haar hand deur die oop venster gesteek en beduie na 'n wolk met 'n vreemde, wonderlike patroon, of na 'n wit duif op die bure se dak.

Ja, ek onthou haar voor die oop venster met die nuwe bries wat die kamer binnekom, wanneer ek tydens Pinkstertyd Jesus se verduideliking in Johannes 3 lees oor die wind wat waai waar hy wil.

Ek dink aan haar knobbelrige wysvinger as ek in Handelinge 2 lees hoe Petrus op Pinksterdag vertel van die ou mense wat drome droom en die jong mense wat gesigte sien.

Tog vreemd, sê ek vir myself, hoe ek juis Ronde Ouma se glimlag voor die oop venster onthou. Haar blydskap oor die wind wat haar raak waai en die uitsig wat haar so verras.

www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-oumas-van-my-pinkster-20180514

"When we honestly ask ourselves which person in our lives mean the most to us, we often find that it is those who, instead of giving advice, solutions, or cures, have chosen rather to share our pain and touch our wounds with a warm and tender hand. The friend who can be silent with us in a moment of despair or confusion, who can stay with us in an hour of grief and bereavement, who can tolerate not knowing, not curing, not healing and face with us the reality of our powerlessness, that is a friend who cares."
— Henri J.M. Nouwen, Out of Solitude: Three Meditations on the Christian Life

"The greatness of a man is not in how much wealth he acquires, but in his integrity and his ability to affect those around him positively"
— Bob Marley

"The problem is that, slowly but surely across the past two hundred years of scholarly research, we have learned that the gospels are exactly what they openly and honestly claim they are. They are not history, though they contain history. They are not biography, though they contain biography. They are gospel—that is, good news. Good indicates that the news is seen from somebody's point of view—from, for example, the Christian rather than the imperial interpretation."
— John Dominic Crossan, The John Dominic Crossan Essential Set: Jesus: A Revolutionary Biography, The Birth of Christianity, The Power of Parable, and The Greatest Prayer

"I pray because I can't help myself. I pray because I'm helpless. I pray because the need flows out of me all the time- waking and sleeping. It doesn't change God- it changes me."
— William Nicholson, Shadowlands

Brood vir die pad

Die ware wonder van Pinkster is om mekaar te hóór

RRV

In 1978 formuleer die Finse akademikus en parlementariër Osmo Wiio 'n stel reëls oor kommunikasie. Die eerste reël lui: "Kommunikasie misluk gewoonlik, behalwe per ongeluk."

Dié reël word dan verder toegelig: As kommunikasie kan misluk, sál dit, en as ons meen dat kommunikasie nie kan misluk nie, misluk dit gewoonlik juis. En, voeg hy by, as jy tevrede voel omdat jy meen dat ander jou boodskap goed gesnap het, het kommunikasie vir seker misluk.

Wiio bied sy reëls in 'n humoristiese trant aan, maar ons voel dadelik die waarheid wat daaragter skuil aan. Kommunikasie misluk inderdaad meestal. Ons ervaar daagliks hoe ander ons nie regtig hoor en ons dieper bedoelings begryp nie.

Baie kan gesê word oor die redes waarom ons mekaar so dikwels misverstaan. Waarskynlik het dit deels met ons verskille te make – ons persoonlikhede, agtergronde, kulture en wêreldbeskouings.

Maar dalk het ons onvermoë om mekaar te hoor nie bloot met ons ore te doen nie, maar veral met ons harte: Ons wíl mekaar nie hoor nie.

In die kerklike jaar is dit binnekort Pinkster, die fees wat die uitstorting en inwoning van die Heilige Gees gedenk. Die beskrywing daarvan in Handelinge 2 is skouspelagtig: Daar is 'n skielike geluid uit die hemel soos die van 'n harde rukwind, en tonge soos van vuur kom rus op die mense. Vervuld met die Heilige Gees begin die mense – wat uit talle nasies in Jerusalem byeen is – in ander tale praat. En dan, te midde van die verwarring, is mense verwonderd dat hulle ander kan hoor en verstaan asof daar in hul eie taal gepraat word.

Die Duitse teoloog Michael Welker skryf dat die wonder van Pinkster nie in verskynsels soos die harde geluid en die tonge van vuur is nie, maar in mense se onverwagse ontdekking dat hulle ander en hulle boodskap kan verstaan.

Die wonder van Pinkster is dus 'n hóór-wonder. Die mense se verskille word nie opgehef nie, maar die Gees maak op 'n geheimenisvolle manier die kommunikasie oor grense moontlik.

Wiio se tweede reël sê dat as 'n boodskap op verskillende maniere verstaan kan word, dit altyd geïnterpreteer sal word op die wyse wat die grootste skade aanrig. Waarskynlik klop hierdie stelling ook met ons ervaring.

Die hoor-wonder van Pinkster hou egter die gedagte lewend dat kommunikasie, hoewel moeilik, tog moontlik is. Mense kán mekaar te midde van verskille onverwags regtig hóór.

En in die proses kan 'n nuwe gevoel van gemeenskap, verbondenheid en rigting ontstaan.

www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-ware-wonder-van-pinkster-is-om-mekaar-te-hoor-20180511

"So many people walk around with a meaningless life. They seem half-asleep, even when they're busy doing things they think are important. This is because they're chasing the wrong things. The way you get meaning into your life is to devote yourself to loving others, devote yourself to your community around you, and devote yourself to creating something that gives you purpose and meaning."
— Mitch Albom, Tuesdays with Morrie

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877